Liewe Bonheur-vriende…

Die openingsgordyn het einde-verlede jaar oopgeskuif en met trots is BONHEUR, die luukse bystandwoonstelle te la Clèmence, Stellenbosch, bekendgestel!

Bonheur-inwoners in 'n gesellige luim!

En…was die belangstelling nie *absoluut* oorweldigend nie: slegs 4 uit die 20 besondere woonstelle is nog beskikbaar! Ons het destyds aan u 'n baie spesiale produk beloof; die belofte is gestand gedoen.

'n Bevestigende getuigskrif is vasgevang in die opsommende woorde van mnr. Bickles (Wes-Kaap Dept.van Gesondheid), nl.dat die la Clèmence Gesondheidsorgsentrum as van *díe beste beskou word!*

'n Wenresep: professionele versorging met knetterende kaggelvuurbederf!

BONHEUR is in volle swang:

* **24-uur Kliniekdienste** word gebied! In elke woonstel verbind twee noodalarms die inwoners in onafgebroke kontak met die Trans 50-kliniese verpleegsorg. Gemoedsrus! Versorging! Liefdevolle en uiters professionele ondersteuning!

"Spieëltjie, spieëltjie aan die wand..."

* Ons inwoners word weekliks (vanuit Stellenbosch) deur 'n professionele **haarkappersdiens** bedien…hier in Bonheur word elke hoof tot kliënte-tevredenheid versorg en getooi. DONDERDAE loop "ons" trots, kop-omhoog en pronk!

Vuvuzelas? S.A-vlaggies? Ons ondersteun SOKKER!

* **Sosiale aktiwiteite**: "*Hier in Bonheur het ons te veel om te doen; daar is nie tyd vir oudword nie*!" – die gepaste woorde van Memory Louw, 'n inwoner. Ons hou "die gebeure van die dag dop" en vier àlles. Selfs die Sokker Wêreldbeker het verseker nie agterweë gebly nie!

BONHEUR-inwoners…op die sosiale front!

Bonheur bied biblioteekbesoeke, boekvoorlesings, vrywillige bidure! Ons woon praatjies by en word verryk deur o.a. die bekende Max du Preez; Bonheur word by alle opwindende sosiale geleenthede van die groter la Clèmence betrek…

Salige Bonheurverblyf…

Lus om veilig te stap? Dit is geen onbekende gesig om van die gelukkige Bonheur-inwoners deur die gelandskapeerde la Clèmence-lane te sien wandel nie…en as die dae boeppens staan van vervulling, vind ons inwoners salige rus in hul knusontwerpte woonstelle!

Die beste getuigskrif van die allesomvattende BONHEUR-kwaliteit lê vasgevang in ‘n persoonlike besoek aan ons…

Blitsvinnig is Bonheur-woonstelle opgeraap! Die goeie nuus is egter: steeds 4 woonstelle met verskillende oppervlaktes wink bevoorregte kopers.

Kom loer in! Die teetafel bly gedek en ons pronk graag met hierdie uitsonderlike produk!

Vriendelike groete
Verna Kempen, Naomi Grant & Nicholas Grobler